

ENKELE GEDAGTES OOR DIE BETEKENIS VAN DIE VREDE VAN VEREENIGING

As twee of meer volkere met mekaar in oorlog verkeer, is dit dood-natuurlik dat die oorlogvoerendes uit die staanspoor aan vrede sal dink. Op die oorlog moet tog immers vrede in een of ander vorm volg en elke oorlogvoerende wil hierdie vrede so gou as moontlik verwesenlik sien, indien moontlik op die mees gunstige voorwaardes vir homself. Dit was ook die geval met die Boere en Engelse wat op 11 Oktober 1899 in 'n ernstige stryd met mekaar betrokke geraak het. En albei was begerig om so gou as moontlik vrede te verkry sodat albei vroeg in die oorlog al aan vredesonderhandelinge en veral aan voorwaardes vir 'n moontlike vredesluiting gedink het. Die oorlog het gegaan oor die onafhanklikheid van die Z.A.R. maar omdat die O.V.S. sy lot by die Z.A.R. ingegooi het, het dit inderdaad oor die onafhanklikheid van albei Republieke gegaan: Engeland, vasberade om ten alle koste hierdie onafhanklikheid so gou en so finaal as moontlik te vernietig; die Republieke ewe vasberade om hulle vryheid en onafhanklikheid ten alle koste, met alle mag en teen elke prys te verdedig en om die aggressors so gou as moontlik die aftog te laat blaas. En hierdie kernsaak waaroor die oorlog gegaan het — *onafhanklikheid of nie* — was ook die kerngedagte in die vredesdenke van beide die oorlogvoerendes en het uiteindelik ook die kernprobleem in die vredesonderhandelinge geword, sodat die ware betekenis van die Vrede van Vereeniging in hierdie saak — *onafhanklikheid* — gesoek moet word. Dáárvor word u aandag dan ook nou gevra.

Om tot hierdie ware betekenis van die Vrede van Vereeniging deur te dring is dit nodig om op die volgende hoofsaake te let:

- (1) die sentrale plek wat die onafhanklikheidsvraagstuk in die vredesdenke vóór Vereeniging ingeneem het;
- (2) die onafhanklikheidsstrydpunt tydens die werklike onderhandelinge te Vereeniging en Pretoria;
- (3) 'n terugblik oor die geskiedenis om te sien hoe die Vrede van Vereeniging, waardeur die republikeinse onafhanklikheid vernietig is, die grondslag vir 'n nuwe en breër republikeinse onafhanklikheid, waarvan ons vandag die erfename is, geskep het.

1. *Vredesmenings vóór Vereeniging.*

Die oorlog was nog nie vier maande aan die gang toe die eerste voorstelle tot vrede van niemand minder as die Transvaalse opperbevelhebber, genl. Piet Joubert, gekom het nie. Genl. Joubert het gemeen dat a.g.v. aanvanklike Boere-suksesse in Natal, die beleg van Ladysmith, die groot oorwinning te Spienkop (18-25 Januarie 1900) en die oorwinning oor Buller se magte deur Ben Viljoen te Vaalkrans (7 Feb. 1900) die tyd besonder geleë was om aan die Engelse vredesvoorstelle te doen omdat, so

het hy verduidelik, Engeland in groot moeilikheid verkeer het deurdat sy trotse leërmagte die een neerlaag na die ander ly en hy aldus diep verneder word. Sy gedagte, soos aan presidente Kruger en Steyn net na die Vaal kransslag voorgelê, was dat die Boeremagte van Britse grondgebied af moes terugtrek en skadevergoeding betaal, in ruil waarvoor Brittanje *die integriteit van die twee Republieke moes waarborg*, afsien van sy aanspraak op soesereiniteit en moes onderneem om nie met die binnelandse aangeleenthede van die Republieke in te meng nie — kortweg, dat Brittanje die volle onafhanklikheid van die Republieke moes erken en moes beloop om hulle daaraan te hou. Van hierdie voorstel het egter niks gekom nie aangesien beide die Presidente dit onthuts van die hand gewys het.

Na die instorting van die Boere-offensief in Natal het Joubert weer aan die begin van Maart 1900 a.g.v. die Britse oormag en die toenemende demolarisasie van die burgermagte aan Kruger getelegrafeer dat sake vir hom nou so 'n ernstige wending geneem het dat beide die Presidente nou alles sou moes doen om 'n uitweg uit die ongelukkige oorlog te vind. Hierdie wenk is deur Kruger en Steyn opgevolg deur 'n telegram wat hulle nog op 5 Maart aan lord Salisbury gestuur het waarin hulle verklaar dat die Republieke die oorlog onderneem het *alleen* as 'n verdedigingsmaatreël en dat hulle dit alleen voortsit om die *onbetwisbare onafhanklikheid* van die Republieke as soewereine state te verseker en te handhaaf. Hulle sou die vrede graag herstel wou sien, maar dan net op hierdie een basis van soewereine onafhanklikheid, maar om vanselfsprekende redes wou die Britse regering nie daartoe instem nie, sodat die Republieke geen ander uitweg gehad het as om met die oorlog voort te gaan nie.

Daar was egter ook tye wanneer sommige van die Boereleiers a.g.v. pessimisme die onafhanklikheidsgedagte laat vaar het en bereid was om vrede te sluit sodat die oorlog tog net maar 'n einde kon kry. Dit was o.a. die geval na die inname van Pretoria (5 Junie 1900) toe genl. Botha, diep terneergedruk, en 'n aantal van sy offisiere en lede van die Transvaalse regering nog dieselfde dag in die kantoor van die whiskeystokery van Sammy Marks te Hatherly (Eerste Fabrieken) byeengekom het, waar oor vrede gespreek is. Hier was dit veral genl. De la Rey wat van vredesplanne sonder die onafhanklikheid niks wou hoor nie en wat selfs gedreig het om 'n onafhanklike republiek in Wes-Transvaal op te rig, en was dit die jong waarn. veldkornet C. F. Beyers, wat die taal van onafhanklikheid baie duidelik laat hoor het. Dit, tesame met die goeie nuus van genl. De Wet se pragtige oorwinning en groot buit te Roodewal (7 Junie 1900), het weer bemoediging gebring sodat almal weer begerig was om die stryd voort te sit in die vurige hoop dat die onafhanklikheid miskien nog herwin kon word.

Van Engelse kant is ook aan vrede gedink, veral nadat die bereiking van die hoofdoel van die oorlog — die inlywing van die Republieke by die Britse Ryk — na die inname van die twee republikeinse hoofstede by wyse van proklamasie aangekondig is. Die *volk*, nog onder die wapen, wou dit nie as die einde van die oorlog aanvaar nie; hulle was nie bereid om die onafhanklikheid sommer so prys te gee nie, en daarom het 'n nuwe

fase in die oorlog, nl. die van guerillakryg, 'n aanvang geneem. Dit was juis hierdie krygsomstandighede wat vir lord Kitchener, wat deur lord Roberts agtergelaat is om die oorlog gou tot 'n finale einde te voer, genoodsaak het om aan vredesonderhandelinge te dink, en daaruit het die ontmoeting deur bemiddeling van mev. Botha tussen Kitchener en Botha op 28 Februarie 1901 te Middelburg, Transvaal, voortgevloei.

Hierdie samesprekings het egter tot niks onmiddelliks gelei nie want Kitchener wou geen woord van onafhanklikheid hoor nie; trouens, dit was een van die voorwaardes tot samespreking wat hy vooraf gestel het dat die saak van onafhanklikheid nie eers genoem mag word nie. Hoewel Botha, volgens 'n latere verklaring van homself, op hierdie tydstip heeltemal geneë was om vredesamesprekings te voer, het hy Kitchener baie goed laat verstaan dat die Boere geen vredesvoorstelle wat die onafhanklikheid nie insluit sou aanvaar nie, en dat hy ook nie daarin sou kon slaag om hulle oor te haal om dit te doen nie. Hoewel Kitchener, na aanleiding van die samesprekings en nadat hy die Britse regering oor die saak geraadpleeg het, 'n brief bevattende vredesvoorstelle aan Botha gerig het, het Botha die voorstelle sonder raadpleging van die ander leiers en sonder vermelding van enige redes van die hand gewys. Klaarblyklik was die rede die feit dat in die voorstelle geen melding van onafhanklikheid gemaak is nie en Botha die ander leiers, veral die Kaapse rebelle, te goed geken het om te dink dat hulle Kitchener se voorstelle sou aanvaar. Dit blyk baie duidelik uit sy brief wat hy op 15 Maart 1901 na aanleiding van Kitchener se voorstelle aan die burgers gerig het:

„De geest van lord Kitchener's brief maakt het voor U allen zeer duidelijk, dat de Britsche Regering niet anders beraamt, dan den ondergang van ons Afrikaansch volk, en het aannemen van de termen daarin vervat, is voor ons absoluut buiten de kwestie”

Die saak van onafhanklikheid was teen die helfte van 1901 nog eens van deurslaggewende betekenis toe die rondvlugtende Transvaalse regering op die plaas, *De Emigratie*, naby Ermelo, weer die gedagte gekoester het om liewer vrede te sluit, en J. C. Smuts van mening was dat dit beter sou wees om die oorlog nou tot 'n einde te bring en om dit dan weer na 15 of 20 jaar opnuut te hervat. In Junie het die Regerings van die twee Republieke mekaar op Waterval in die Standertonse distrik ontmoet en, aangemoedig deur enkele militêre suksesse in Transvaal, en veral deur pres. Steyn wat op kragtige wyse tot volharding aangespoor het, asook deur die boodskap van president Kruger vanuit die vreemde (met wie genl. Smuts deur bemiddeling van Kitchener in kabelverbinding was) om met die stryd aan te hou totdat die onafhanklikheid verseker sou wees, is op 22 Junie amptelik besluit dat geen vrede gesluit en geen vredesvoorstelle aanvaar sou word tensy die onafhanklikheid en nasionale integriteit gewaarborg word nie.

In al hierdie voorlopige vredesdenke het die saak van onafhanklikheid 'n sentrale plek ingeneem: van Boerekant was dit steeds vrede met onafhanklikheid; van Engelse kant, vrede sonder onafhanklikheid, en steeds is die oorlog ten spyte van teenslae en ellende voortgesit in die vurige hoop

dat die onafhanklikheid dalk nog op een of ander wyse gered kon word.

2. Die saak van onafhanklikheid tydens die vredesonderhandelinge.

Nadat waarn. pres. Schalk Burger hom aan die begin van 1902 teenoor lord Kitchener tot vredesamesprekings bereid verklaar en daarmee die twee Republikeinse regeringe feitlik voor 'n voldonge feit geplaas het, het voorlopige samesprekings tussen die twee Boereregerings op 9 April 1902 te Klerksdorp 'n aanvang geneem. Hier was dit genl. De la Rey wat ten spyte van die militêre situasie op daardie tydstip verklaar het dat hy nog kans sien om met die oorlog voort te gaan, waarop pres. Steyn op sy beurt baie duidelik verklaar het dat daar vir hom net *een voorwaarde* bestaan waarop hy vrede sou kon maak, en dit was niks minder as die onafhanklikheid van die Republieke nie:

„Wilde de vijand niet dat de onafhankelijkheid zou bestaan, dan moest men maar met de strijd voortgaan. De burgers wilden dit ook. Liever dan termen met de Engelschen te maken, zou hij onder hen voor altijd onvoorwaardelijk ingaan”

Hierdie sienswyse is deur genl. De Wet gedeel:

„ . . . bij mij kan geene sprake zijn van afgifte van onze onafhankelijkheid Voordat ik een jota afgeef van onze onafhankelijkheid, laat ik mij liever voor eeuwig verbannen.”

Teenoor hierdie standpunt is veral deur manne soos waarn. pres. Burger, staatsekretaris F. W. Reitz en genl. Lucas Meyer gestel dat die land en volk in 'n toestand verkeer het wat vrede dringend noodsaaklik gemaak het, dat vredesvoorstelle derhalwe aan die Britte gedoen moes word en dat in hierdie vredesvoorstelle nie baie sterk op onafhanklikheid aangedring moes word nie, en dit desnoods liever heeltemal verswyg moes word omdat dit moontlike vredesonderhandelinge kon laat misluk. Daarop was genl. Hertzog se regsgeleerde kommentaar:

„dat de Constitutie der Republieken het aan de Regeringen niet toeliet aan de onafhankelijkheid te tornen. Dat was volgens het Romeinsch-Hollandsch recht op het hoogst strafbaar. De regeeringen konden niets van de onafhankelijkheid der twee Republieken afstaan zonder dat het volk ze daartoe machtigde. Men moest een conferentie met Lord Kitchener vragen op de basis des onafhankelijkheid.”

Ook genl. De la Rey was van opinie dat die Boere die onafhanklikheid moes eis en dat alleen dit wat van hulle afgedwing sou word afgegee moes word.

In die besluit wat na aanleiding van die samesprekings deur die Regerings van die Republieke opgestel is om aan Kitchener voorgelê te word, word dan geen melding van die onafhanklikheid gemaak nie maar word Kitchener alleen in kennis gestel dat die betrokke Regerings bereid is om hom persoonlik te ontmoet en *sekere voorstelle* aan hom te doen wat dan kon dien as basis vir verdere onderhandelinge met die oog op die totstandbrenging van die gewenste vrede. Solank as wat die volgende dag op 'n antwoord van Kitchener gewag is, is nog 'n dokument opgestel en aanvaar, bevattende die *sekere voorstelle*, wat aan die verteenwoordiger van die Britse regering voorgelê sou word — 'n dokument wat vir die

onderhawige onderwerp van die allergrootste belang is. Daarom haal ek dit hier volledig aan:

„Uitgaande van de basis, dat wij de annexatie niet erkennen, zijn de Regeeringen bereid vrede te sluiten met tegeven van de volgende zaken:

1. Het sluiten van een eeuwigdurend verbond van vriendschap en vrede, waaronder begrepen:
 - (a) Schikkingen omtrent Tolunie.
 - (b) Post-, Telegraaf- en Spoorwegunie.
 - (c) Vaststellen van het stemrecht.
2. Slechten van alle Staatsforten.
3. Arbitrage door arbiters in toekomstige geschillen tusschen de contracterende partijen, voor een gelijk getal uit hunne onderdanen te worden benoemd, met een eindbeslissing door beide partijen te worden gekozen.
4. Gelijke rechten bij het onderwijs voor beide Engelsche en Hollandse talen.
5. Wedersijdsche amnestie.”

Hierdie voorstelle was ongetwyfeld op genl. Hertzog se regsmenting gebaseer want in die voorstelle word nie net geen melding van onafhanklikheid gemaak nie, maar word tewens van die standpunt uitgegaan dat die Republieke deur hulle onderskeie Regerings nog as onafhanklik beskou word. Dit word immers baie duidelik gestel dat die voorstelle wat gedoen word gebaseer is op die feit dat die Regerings die anneksasie van hulle respektiewe state nie erken nie. Verder is die ooreenkomste wat hulle in die vooruitsig stel en op grond waarvan hulle bereid is om vrede te sluit van dieselfde aard as dié wat alleen tussen soewereine en onafhanklike state gesluit kon word. Vrede dus, maar op 'n onafhanklikheidsbasis!

Terwyl die besprekinge oor hierdie voorstelle nog aan die gang was en gedagtes gewissel is of dit tog nie miskien raadsaam sou wees om definitief van onafhanklikheid melding te maak nie, is teen die middag van 11 April 'n telegram van Kitchener ontvang waarin hy die twee Republieke regerings versoek om nog dieselfde aand na Pretoria te vertrek en dat hy bereid is om hulle te ontmoet en die voorgestelde samesprekings te voer. Gewapend met die genoemde voorstelle-dokument is die Regerings na Pretoria en kon hulle reeds die volgende oggend om 9 uur vir Kitchener in sy woning te Pretoria ontmoet.

Tydens die aanvanklike informele samesprekings het pres. Steyn, na aanleiding van die voorstelle, aan Kitchener baie duidelik gesê dat 'n blywende vrede baie ernstig begeer word en dat die twee Regerings na Pretoria gekom het om slegs een doel verwesenlik te sien, nl. dit waarvoor die volk tot op daardie oomblik gestry het. Onthuts het Kitchener die President in die rede geval of hy daaruit moes verstaan dat die Boere hulle onafhanklikheid dan wou behou, waarop Steyn bevestigend geantwoord het. Daarmee kon Kitchener nie saamstem nie en versoek hy derhalwe dat voorstelle deur die Boere gedoen moes word waarin die saak van onaf-

hanklikheid uitgesluit word. Albei die Presidente se antwoord daarop was, ooreenkomstig Hertzog se regsadvies, dat die onderskeie Regerings kragtens die grondwette van die twee state oor geen bevoegdheid beskik om enige voorstel waarin die onafhanklikheid van die state aangeraak word te doen nie. Daarom was dit hulle begeerte dat Kitchener die voorgelêde voorstelle aan die Britse regering moes stuur. Hoewel Kitchener in sekere sin onwillig was om dit te doen omdat hy vooruit geweet het wat die antwoord sou wees, het hy tog ingestem en is die voorstelle, nadat dit deur hom in telegramvorm bewoord en deur almal teenwoordig goedgekeur is, nog dieselfde dag afgestuurd.

Die antwoord van die Britse regering was Maandagoggend, 14 April, reeds in Pretoria — en baie duidelik: die Britse regering het dit alreeds op die duidelikste wyse verklaar en herhaal dit nou weer, dat geen ooreweging aan voorstelle wat as basis het die bestendiging van die onafhanklikheid van die vroeëre Republieke wat alreeds aan die Britse kroon geannekseer is, verleen kon word nie.

Die verdere onderhandelinge te Pretoria het niks konkreets opgelewer nie. Die Boereregerings, veral met Steyn as segsman, het vas daarop bly staan dat hulle nie by magte was om sonder raadpleging van die volk voorstelle oor die prysgawe van onafhanklikheid te doen nie. Die Britse regering daarenteen wou sodanige voorstelle van hulle afdwing maar weens hulle hardnekkige weiering was die Britse regering uiteindelik verplig om sekere voorstelle, gebaseer op die verlies van die onafhanklikheid aan te bied. Na oor en weer telegramme met die Britse regering gewissel is, het die samesprekings uiteindelik op 17 April in die besluit gekulmineer dat die twee Boereregerings die hele saak aan die volk sou gaan voorlê, dat die twee Republieke elk dertig afgevaardigdes sou kies en dat hierdie afgevaardigdes op 15 Mei 1902 te Vereeniging bymekaar moes kom. Op hierdie afgevaardigdes het dan die taak gerus om te besluit of die oorlog voortgesit moes word omdat Engeland niks van die herstel van die onafhanklikheid wou hoor nie, en of vredesvoorwaardes aanvaar moes word.

Uit die staanspoor het dit geblyk dat 'n groot meningsverskil onder die afgevaardigdes bestaan en hierdie meningsverskil het juis oor die kwessie van die *onafhanklikheid* gegaan. Sonder om hier in besonderhede te tree oor wat volledig in Kestel en Van Velden se *De Vredesonderhandelinge tussen die Regeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de Vertegenwoordigers der Britsche Regeering* gelees kan word, het dit duidelik uit die toesprake van die afgevaardigdes geblyk dat genl. Botha en die meeste Transvalers die een mening gehuldig het, nl. bereidheid om tot elke prys vrede te sluit en wel op grond daarvan dat die algemene en militêre situasie veral in Oos- en Suidoos-Transvaal so donker was dat voortsetting van die oorlog tot niks meer as die uitroeiing van die oorgeblewe volk sou lei nie. Daarteenoor het Steyn en De Wet, ondersteun deur die Vrystaters en deur Noord- en Wes-Transvaal, die mening verteenwoordig dat die onafhanklikheid nie prysgegee kon word nie en dat die stryd eenvoudig voortgesit moes word. Sommige van hierdie afgevaardigdes het kans gesien om die oorlog nog vir minstens 'n jaar aan die gang te hou.

Om hierdie verskil het die bespreking van 15 en 16 Mei sig gewend, die een mening so onwrikbaar as die ander, totdat staatssekretaris Reitz in die namiddag van die 16de met die gedagte gekom het dat daar nog iets was wat aan die vyand aangebied kōn word met behoud van die onafhanklikheid, nl. die Witwatersrand en Swaziland, wat nog altyd niks anders as ellende vir Transvaal meegebring het nie. Verder was sy gedagte dat die buitelandse politiek ook prysgegee kon word, solank as wat binnelandse onafhanklikheid behou kon word, en dít alles deur 'n protektoraat van Engeland te aanvaar. Indien geen algehele onafhanklikheid dan moontlik was nie, sou 'n beperkte onafhanklikheid beslis nie te versmaai wees nie. Hierdie gedagte het by baie van die afgevaardigdes groot byval gevind en hoewel daar ander was wat anders oor die saak gedink het, is die volgende oggend (17 Mei) 'n voorstel deur die konferensie aanvaar, soos opgestel deur 'n kommissie die vorige dag daartoe benoem. Hierdie voorstel was geheel en al in die gees van Reitz se wenk. Ter motivering van die voorstel word duidelik verklaar dat daar gelet is op die feit dat die Britse regering geweier het om op die basis van republikeinse onafhanklikheid vrede te sluit en geweier het om die voorstelle wat op dié basis gedoen is te aanvaar, maar dat hierdie vergadering desnieteenstaande tog nog wens om gevolg te gee aan die vurige verlange van die volk om sy onafhanklikheid te behou, waarvoor alreeds soveel stoflike en persoonlike opofferinge gedoen is. Op grond daarvan word dan van republikeinse kant voorgestel en aangebied:

- (a) prysgawe van alle buitelandse gesantskappe en betrekkinge;
- (b) aanvaarding van 'n Britse protektoraat;
- (c) afstand van 'n gedeelte van die grondgebied van die Z.A.R.;
- (d) die sluiting van 'n defensiewe verbond met Brittanje aangaande Suid-Afrika.

Hierdie poging om tog nog niets van die onafhanklikheid te behou het nie geslaag nie want die voorstelle is summier deur Milner en Kitchener, aan wie die in Pretoria voorgelê is, van die hand gewys. Daarop het onderhandelinge tot 2 Mei gevolg op die grondslag van die Middelburgse voorstelle van die kant van Brittanje. Op hierdie stadium het Milner 'n dokument, bevattende die finaal geformuleerde voorstelle van die Britse regering aan die deputasie oorhandig om dit aan die afgevaardigdes te Vereeniging te gaan voorlê en is hulle tot om 12 uur die aand van 31 Mei tyd gegee om dit in ongewysigde vorm te aanvaar of te verwerp, in welke laaste geval die stryd onmiddellik voortgesit sou word. Op hierdie voorstelle moes dus net ja of nee geantwoord word.

Die uur van beslissing het dus aangebreek. Drie bittere dae, 29, 30 en 31 Mei, het gevolg. Dit was dae waarop in die grootste erns gebid en gesprek is. Die meningsverskille was nog daar, maar uiteindelik moes op 31 Mei 1902 die stryd gewonne gegee word, die Britse voorwaardes aanvaar word, die onafhanklikheid ingeboet word deur 'n betraande kongres van afgevaardigdes van die Boerevolk te Vereeniging byeen. Niemand het dit begeer nie; dit kon net nie anders nie en die voorwaardes is alleen aanvaar op grond van die volgende redes:

- (a) die verskriklike verwoesting van die Republieke deur die vyand;
- (b) die ontsettende sterftesyfer in die konsentrasiekampe, sodat gevrees is dat die hele volk sou uitsterf;
- (c) die gevare wat meegebring is deur die bewapening van die inboorlinge deur die vyand;
- (d) die vyandelike dreigement van konfiskering van alle partikuliere eiendom, wat algehele stoflike ondergang sou meebring;
- (e) die onmag om Britse krygsgevangenes aan te hou en die groot uitdunning van die getalle van eie burgers;
- (f) die geweldige oormag van die vyand en die groot onwaarskynlikheid van 'n eventuele oorwinning.

Aan die einde van hierdie verrigtinge het waarn. pres. Schalk Burger 'n kort woord tot die afgevaardigdes gerig en was sy eerste sin: Hier staan ons by die graf van die twee Republieke. Hy kon net sowel gesê het: by die graf van die onafhanklikheid, want van Afrikanerkant was dit die algemene gevoel dat *dit*, en niks anders nie, die ware uitkoms en betekenis van die Vrede van Vereeniging was. In sy laaste boodskap aan sy volk het selfs pres. Kruger net drie woorde nodig gehad om die uitwerking van die oorlog en die uiteinde daarvan in die vredesooreenkoms te beskryf: „vernietigd, vernield, gevallen . . .” Geen wonder dat só gedink is nie, want hierdie mense kon alleen die onmiddellike betekenis van die vrede belewe en besef. In die toekoms kon hulle nie sien nie; waarom so 'n vernederende en allesvernietigende vrede gesluit moes word, kon hulle nie besef nie en nog minder verklaar; watter plek hierdie episode in die geskiedenis van die Afrikanervolk in die plan van God met daardie volk ingeneem het, was vir hulle 'n raaisel want hulle kon nie 'n blik in die toekoms werp en die latere ontvouing van hierdie plan gadeslaan en vooruit weet nie. Vir hulle was alles verby en was die toekoms donker; op daardie oomblik het hulle by 'n eindpunt van hulle bestaan vertoef — by die graf van hulle onafhanklikheid.

3. *Ons kyk vandag terug na die Vrede van Vereeniging.*

Vanuit die tyd waarin ons nou lewe kyk ons terug oor sowat 60 jaar heen na die Vrede van Vereeniging en dan word dit meteens duidelik dat dié Vrede 'n heel besondere plek in ons geskiedenis inneem. Wat vir die historievormers van daardie tyd 'n raaisel was, is vir ons vandag nie meer 'n raaisel nie; die toekoms wat vir hulle 'n geslote boek was, is nou vir ons geskiedenis; die waarom wat vir hulle onverklaarbaar en onbegryplik was, is vandag vir die huidige geslag nie meer so onverklaarbaar en onbegryplik nie; die doel van God met dié oorlog en dié vrede is in die verdere geskiedenis daarna deur God aan ons geopenbaar en wel tot so 'n mate as wat dit Hom behaag het; wat vir ons volksgenote sestig jaar gelede 'n eindpunt in hulle bestaan was, is vir ons met ons kennis van die verdere gang van sake 'n skakel in die hele reeks gebeure en omstandighede wat 'n besondere betekenis inhou; wat deur hulle as 'n graf beskou is, kan ons nie meer as 'n graf sien nie maar veeleer as 'n geboorte-oomblik van 'n nuwe tydperk wat in die geskiedenis van ons land en volk aangebreek het.

En juis daarin lê die betekenis van die vryheidstryd en van die Vrede van Vereeniging opgeslote, en is dit die saak waarby ek u aandag in die laaste plek kortliks wil bepaal. Ek sê kortliks, want in wat hier volg wil ek vir geen oomblik op selfs naastenby volledigheid aanspraak maak nie. Ek wil slegs probeer om die sluier baie effens te lig oor wat die geskiedenis sedert 1902 aan ons aangaande die betekenis van die Vrede van Vereeniging openbaar. Sake wat ek hier gaan noem was en is vir sommige lede van ons geslag selfdeurleefde geskiedenis en aan die totstandkoming van baie gebeurtenisse het ons in meerdere of mindere mate 'n persoonlike aandeel gehad. Vir ons was dit praktiese politiek van die dag en vanuit politieke standpunt het baie van hierdie dinge in die brandpunt van die partypolitieke stryd in Suid-Afrika gestaan. Daarom wil ek dit baie duidelik stel dat ek in wat ek verder wil sê ek dit nie deur die bril van die party-politikus sien nie, maar wel, na ek meen, deur die objektiewe en wetenskaplike bril van die historikus, want die tyd van 1902 en daarna, selfs tot vandag toe, behoort reeds tot die geskiedenis.

Myns insiens kan die betekenis van die Vrede van Vereeniging in alles wat die onafhanklikheid omsluit, saamgevat word as:

- (a) 'n belangrike moment in die vereniging van die Afrikaner in sy volks- en nasiewording;
- (b) 'n belangrike moment in die proses van die staatkundige vereniging van Suid-Afrika;
- (c) 'n ewe belangrike moment in die uiteindelijke verwesenliking van die vryheids- en onafhanklikheidsideaal in Suid-Afrika.

(a) *Ten opsigte van nasionale vereniging.*

Die proses van die nasionale bewuswording van die Afrikaner in Suid-Afrika, nadat lede van hierdie volk sedert die Groot Trek in verspreidheid en afgesonderdheid feitlik onbewus van mekaar gewoon het, was nog maar sowat twintig jaar aan die gang toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek het. Oor hierdie nasionale bewuswording en al die faktore wat daartoe meegewerk het wil ek nie hier spreek nie en verwys in verband daarmee enige belangstellende na die besonder treffende en lesenwaardige werk van dr. F. A. van Jaarsveld: *Die ontwaking, van die Afrikaanse nasionale bewussyn* (pas ook in Engels gepubliseer onder die titel: *The Awakening of Afrikaner Nationalism*), waarin dié ontwaking op meesterlike wyse tot in 1881 ontleed en blootgelê word.

In die Tweede Vryheidsoorlog het hierdie nasionale bewussyn 'n hoogtepunt bereik toe alle staatkundige grense tussen Afrikaners eenvoudig verdwyn het en hulle mekaar die hand oor die staatsgrense heen gereik en verenigd geraak het in die verdediging, nie van *Transvaalse onafhanklikheid* waarvoor die oorlog aanvanklik aangegaan is nie, maar van *Afrikaner onafhanklikheid*, soos wat dit in die twee Republieke heliggaam was. Die Vaalrivier het as grens tussen die twee Republieke verdwyn en het die *broedersroom* geword. Die vriendskaplike gevoel en verhouding wat voor die oorlog tussen die twee state bestaan het, is ontwikkel tot iets veel diepers. Daar het ware eenheid ten opsigte van die verdediging van Boereonafhanklikheid

gekom, 'n eenheid tussen twee state, maar beseël met die bloed van die burgers van daardie state. Hierdie vereniging van Transvaler en Vrystater kon deur die Vrede nie ongedaan gemaak word nie. Al het hulle hulle onafhanklikheid en alles wat daaraan verbonde was in die vrede verloor het hulle die *vereniging* van die volk in dieselfde vrede gewen.

Tot hierdie vereniging het ook nog 'n derde element in die Vryheidsoorlog toegetree, nl. die Afrikaner van die Kaapkolonie — die rebel — wat aan die stryd gaan deelneem het, nie soseer ter wille van die Transvaalse saak nie maar ter wille van die saak van die Afrikaner. Hierdie deelname het geskied in die volle besef van wat die lot van die rebel is as hy gevang sou word, maar die besef van die volksbande was baie sterker. Nie net Transvaler en Vrystater het verenigd geraak nie, maar ook die Afrikaner van die Kaapkolonie saam met hulle, en ook hierdie vereniging het onlosmaaklik geword omdat ook dit in die oorlog met bloed beseël is. Pres. Steyn het hierdie vereniging by geleentheid so treffend gestel:

„Die dag na die slag by Graspan, naby Reitz, waar generaals De Wet en De la Rey 'n vrouelaer verlos het, het ek op die slagveld gekom en is aan my die plek gewys waar drie van ons manne gesneuwel het — 'n Kolonialer, 'n Vrystater en 'n Transvaler. Ek het gesien hoe hulle lewensbloed in een groot plas bloed saamgestroom het. Ek het by die plas as vasgenaël gestaan. Ek het met niemand gepraat nie. Dit was vir my 'n heilige oomblik. Nuwe hoop en nuwe moed het my vervul. Ek het op my perd geklim en weggery — oortuig dat ek die ware vereniging van Suid-Afrika gesien het — want daardie bloed kon geen mens weer skei nie.”

Die nasionale vereniging van die Afrikaners in Suid-Afrika wat sy hoogtepunt in die Tweede Vryheidsoorlog bereik het, is verder verdiep en beseël deur die Vrede van Vereeniging, waardeur die Afrikaners verder saamgebind is in die gemeenskaplike verlies van hulle onafhanklikheid, die gemeenskaplike ellende en armoede waarin hulle verkeer het, die gemeenskaplike bewening van die dodes wat as 'n nasionale verlies gevoel is, die oorheersing van almal gemeenskaplik deur die eertydse vyand, ens. Al hierdie dinge het bygedra om hulle nouer aan mekaar te verbind, en hoe deeglik die band tussen hierdie mense gelê is, mense wat vroeër deur staatkundige grense van mekaar geskei was as Transvalers, Vrystaters en Kolonialers, word deur niks beter bewys as die spoedige politieke aksie en georganiseerde optrede van die Afrikaners veral in Transvaal en die O.V.S. nie. Ek verwys hier veral na die stigting van die twee belangrike politieke partye, *Het Volk* en die *Orangia Unie*, en die so doeltreffende werksaamhede van die Afrikaner op politieke gebied dat hulle ongeveer vier jaar na die Vrede in staat was om op selfbestuur in die kolonies aan te dring en dit ook te verkry. Eeweneens word dit ook bewys deur die aandeel wat Afrikanerleiers in die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 gehad het, en ná Uniewording deur die saamsnoering van die kragte van die Afrikanervolk dwarsdeur die hele Suid-Afrika in die een Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, onder leiding van die Kom.

mandant-generaal van die verslane Boeremagte, skaars agt jaar tevore. Die volk was in nasionale verband verenig en tot hierdie vereniging het die kulturele beweging van kort na die Tweede Vryheidsoorlog in geen geringe mate bygedra nie. Hierdie volksvereniging het, nieteenstaande verwyderinge veral a.g.v. partypolitieke omstandighede, in wese bly voortbestaan tot op die huidige dag sodat die huidige geslag die voordeel mag smaak van die volksvereniging wat in die Tweede Vryheidsoorlog en met die Vrede van Vereeniging sy finale beslag gekry het en vandaaruit kon ontplooi soos dit in die afgelope sestig jaar plaasgevind het.

(b) *Ten opsigte van die staatkundige vereniging van Suid-Afrika.*

Voor 1836, toe die blanke gemeenskap staatkundig net tot die Kaapkolonie beperk was, kon daar nog geen sprake van 'n staatkundige vereniging van *Suid-Afrika* wees nie. Die Groot Trek het egter groot staatkundige veranderinge meegebring vanweë die totstandkoming van aparte onafhanklike state en die verspreiding van blankes oor 'n baie groot gedeelte van die binneland. Hierdie aksie van die Voortrekkers en van die daaruit resulterende Britse beleid t.o.v. die Groot Trek het meegebring dat die staatkundige verdeling van Suid-Afrika teen 1854 reeds die vaste patroon bereik het wat dit tot in 1902 sou behou, nl. twee Britse kolonies van ongelyke koloniale status (Kaapkolonie en Natal) en twee onafhanklike Boererepublieke (die Z.A.R. en die Republiek van die O.V.S.), wat as soewereine state weer 'n hoër staatkundige status as die Britse kolonies gehad het.

Reeds tydens die Trekperiode (1836-1854) het die Voortrekkers, ten spyte daarvan dat verskillende trekrigtings en verskillende leiers gevolg is, en hulle hulle groepsgewyse in verskillende geografiese gebiede gevestig het, deurgaans 'n „staatkundige” eenheidskonsepsie gehandhaaf, soos o.a. uit die *Mooirivierse Ooreenkoms* (1840) blyk. Britse anneksasies, eers van Natal en later van Transoranje, het die veronderstelde en teoreties gehandhaafde staatkundige eenheid telkens verbreek en die gebied vereng sodat die Trekkers uiteindelik net in een staatkundige gebied saamgedruk was, nl. in Transvaal, waarvan die onafhanklikheid in 1852 formeel erken is. Met die teruggawe van die onafhanklikheid aan die Oranjerivier-Soewereiniteit en die gevolglike totstandkoming van die Republiek van die O.V.S. het lede van dieselfde vlees en bloed in *twee* van mekaar onafhanklike en selfstandige staatkundige gebiede 'n tuiste gevind. Pogings tot vereniging van die twee Republieke van die kant van veral M. W. Pretorius, wie se metodes en motiewe nie altyd baie verheue was nie, het om verskeie redes op 'n mislukking uitgeloopt.

Sedert ongeveer 1860 word deurgaans idees en ontwerpe geformuleer om die verskillende blanke state en kolonies federaal in een staatsverband saam te snoer. Dit is nie nou die tyd en plek om oor al hierdie skemas te handel en die motiewe daarvoor bloot te lê nie. Verwysing na bv. die van Grey, Carnarvon en Rhodes is genoeg. Benewens ander redes, waaronder die ekonomiese beslis 'n baie belangrike rol gespeel het, was staatkundige redes — by name die ongelyke status van die verskillende gebiede en veral

die kwessie van *onafhanklikheid* met alles wat dit inhou — een van die grootste struikelblokke wat 'n sodanige staatkundige vereniging deurgaans verhoed het, en wat in geen geringe mate tot die Tweede Vryheidsoorlog bygedra het nie.

Vir Suid-Afrika as geheel, wat op ontwikkeling gewag het, en ten aansien van die groot naturellebevolking en probleme in verband daarmee, was so 'n staatkundige verdeeldheid beslis 'n groot nadeel. Die Tweede Vryheidsoorlog en die Vrede van Vereeniging het hierdie hindernis uit die weg geruim deurdat die Republieke hulle onafhanklikheid moes inboet, gelyke status met die ander kolonies moes aanvaar en saam met hulle onder dieselfde vlag te staan moes kom. En eienaardig genoeg, dít waarna voor die oorlog baie jare lank gestreef is, wat tot die anneksasie van Transvaal in 1877 en die Eerste Vryheidsoorlog gelei het, wat in 1899 op 'n vernietigende en verwoestende oorlog vir die Republieke uitgeloop het, het na die Vrede van Vereeniging binne agt jaar 'n voldonge feit geword met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika. Dat die oorlog en die vrede die basis vir hierdie staatkundige vereniging van Suid-Afrika gevorm het, kon diegene wat dit in 1902 moes deurmaak nie voorsien het nie. Vandag kan ons in ons terugblik dit wel baie duidelik sien dat die staatkundige onafhanklikheid van die eertydse republieke, wat 'n beperkte onafhanklikheid in meer as een opsig was, ten onder *moes* gaan om die groter verenigde Suid-Afrika moontlik te maak. Wat in 1902 'n WAAROM, in groot hoofletters geskrywe en met 'n vraagteken daarna, was, het vir ons sestig jaar later 'n DAAROM, in ewe groot hoofletters geskrywe en met 'n uitroepteken daarna geword.

Ons kan vandag ook nog 'n stappie verder gaan deur in hierdie verband net te noem dat daardie staatkundige vereniging, op die wyse waarop dit plaasgevind het, ewe noodsaaklik was om die staatkundige republikeinse staat in ons tyd weer moontlik te maak.

(c) *Ten opsigte van die verwesening van die vryheids- en onafhanklikheidsideaal in Suid-Afrika.*

By die Vrede van Vereeniging is die staatkundige onafhanklikheid van die Republieke vernietig, maar die *volk* het behoue gebly, veel hefter aan mekaar gebind en 'n baie vollediger nasionale eenheid as ooit tevore, soos ek hierbo probeer aantoon het. In sy laaste boodskap aan sy volk, waarin Paul Kruger die hele uitwerking van die oorlog (en die vrede) in die drie hierbo aangehaalde woorde: „ . . . vernietigd, vernield, gevallen!” geteken het, het hy hom egter ook hierdie woorde laat ontval: „Met eenheid van zin en eenheid van krachten, kan weer worden opgericht, wat thans daarneder ligt!” En dit is presies wat gebeur het. Die verstewiging van die nasionale eenheidsbande, gepaard met die politieke en kulturele ontwaking in die twee nuwe Britse kolonies na die Vrede en ook in die Kaapkolonie was daarvoor verantwoordelik dat die Afrikaner onmiddellik na die staatkundige vereniging van Suid-Afrika die toon kon aangee. Niks bewys dit beter as dat sedert Uniewording tot en met Republiekwording nooit iemand anders as 'n Afrikaner as eerste minister van Suid-Afrika opgetree het nie.

Sonder om te wil probeer om selfs in hooftrekke die staatkundige geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika hier te behandel, moet tog net daarop gewys word hoedat die ideaal van vryheid en onafhanklikheid nie by die Vrede van Vereeniging saam met die vryheid en onafhanklikheid van die twee eertydse Republieke ondergegaan het nie. Hierdie vryheids- en onafhanklikheidsideaal wat voor 1902 slegs in 'n gedeelte van Suid-Afrika verwesenlik is, nl. in die Z.A.R. en die O.V.S., het nie in die Vrede van Vereeniging ondergegaan nie, maar het eintlik in dié Vrede 'n wedergeboorte ondervind, nou nie meer beperk tot 'n gedeelte van Suid-Afrika nie, maar 'n ideaal met verloop van tyd uitgebrei om die hele Suid-Afrika te geld, en in hierdie proses was die nasionale vereniging van die Afrikaners wat die draers van die vryheids- en onafhanklikheidsideaal sou wees, en die staatkundige vereniging van Suid-Afrika absoluut noodsaaklike en onontbeerlike voorwaardes.

Dr. J. S. du Plessis.